## SUIDKERK BID SAAM:

***Januarie se tema*:  SA—EKONOMIE, LANDBOU**

## ONS Sê—DANKIE, HERE:

- ◊ Almal wat veilig terug is na die vakansie.
- ◊ Familietyd- en rustyd.
- ◊ Kersmark, kersdienste, stranddienste.
- ◊ Positiewe uitslae van matrieks en student.
- ◊ Die Bybel in ons eie taal.  Die Bybelgenootskap van SA is op 23 Augustus 1820 in Tuynhuys, Kaapstad gestig.

## ONS VRA—ASSEBLIEF, HERE:

- ◊ 2020 se eredienste, kinderkerk, kategese, kleingroepe, bedieninge.
- ◊ Ons land se brose ekonomie, asook ons landbou (droogte op baie plekke wat min of geen reën gehad het nie).
- ◊ Leerders in ons skole (veral diegene wat vanjaar graad 1 en graad 8 toe is).  Bid ook vir die onderwyskorps.
- ◊ Wêreldgebeure (brande, vulkane, vloede, droogtes, aardbewings).
- ◊ Goeie reën vir ons area.
- ◊ Die gemeente se begroting vir 2020/21.






# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE:  19 JANUARIE 2020**

*"Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here".            (Romeine 7:24-25a)*

## PROGRAM VIR VANDAG:

09:00—EREDIENSTE

Kerk (ds Robert)
Vleesbaai (ds André)

Spesiale offer Blommekomitee

**KATEGESE/KINDERKERK:**

| | |
|---|---|
| Gr R-7 | Kinderkerk in die saal |
| Gr 8-9 | Na die diens in "gat" |
| Gr 10-11 | Soos ds Robert reël |

## VOLGENDE SONDAG:

09:00—EREDIENSTE

Kerk (ds André)
Vleesbaai (ds Danie)

Sinodale offer Arbeidsbediening

**KATEGESE/KINDERKERK:**

| | |
|---|---|
| Gr R-7 | Kinderkerk in die saal |
| Gr 8-9 | Na die diens in "gat" |
| Gr 10-11 | Soos ds Robert reël |

## AKTIWITEITE VIR DIE WEEK:

| | |
|---|---|
| **KLEINGROEPE:** | Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerk-kantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting. |
| **MAANDAG:** | 15:00 Bybelstudie Santos 2 (ds Danie) |
| **DINSDAG:** | 09:30 Bybelstudie (ds Robert)<br>09:30 Bybelstudie konsistorie (ds Danie)<br>09:30 Bybelstudie saal (ds André)<br>19:00 Bybelstudie Tienie Bothastr (ds Robert) |
| **WOENSDAG:** | 09:30 Vroue saambid in saal om 09:30<br>15:30 Biduur Santos 1—alle lidmate welkom! (ds Danie)<br>18:00 Begrotingsvergadering in die kerksaal |
| **DONDERDAG:** | 06:00 Manne saambid in saal om 06:00<br>09:00 Bybelstudie Vleesbaai/Rietvlei (ds Robert) |

### NUWE MENSE

**Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**
Ontmoet die dominee na die diens voor by die preekstoel.
Kom geniet 'n koppie tee/koffie na afloop van die erediens.



# IN FOKUS:

**KOSKAS:** JANUARIE is Streek A se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word.

**DEUROFFERS:** Spesiale offer Kenani was R3 186-00.

**BEGROTING:** Alle kerkraadslede en kommissievoorsitters word herinner aan die begrotingsvergadering op Woensedag, 22 Januarie 2020 om 18:00 in die kerksaal. **Let wel, die datum is verskuif!**

**TE KOOP:** Rosyne R50p/kg by die kerkkantoor.

**RIETVLEI BRAAI**: 7 Februarie 2020. R70 per kaartjie. R10 vir poeding. Kom haal etes af by die kerksaal tussen 16:30 – 18:00. Bring eie houers vir wegneem. Rou vleis en wors sal te koop wees. Kaartjies by kantoor of Rietvlei Wyk.



**PREEKOPNAMES:** Voortaan sal daar geen preekopnames gemaak word nie, aangesien die aanvraag te klein is.

**MOERDERGEMEENTE:** Bied op 29 Februarie 2020 om 18:00 aan—Willem Botha en Leah konsert. Kaartjies by hul kerkkantoor te koop @ R120pp, R100 pensioenaris, R80 kinders o/13 jaar. Daar sal kostrokke wees waar heerlike etes te koop sal wees. Navrae: Theresa Pieterse 073 599 5291 of Deriza Theart 082 590 8464.

**PASTORALE NARRATIEWE TERAPIE KURSUS:** Het jy 'n hart vir mense? Skryf in vir hierdie UP geakrediteerde kursus wat 4 Februarie begin. 'n Kwaliteit opleidingskursus wat studente toerus om hoop en genesing in 'n wye verskeidenheid van situasies te bring. Rousmart, trauma, huweliks – en verhoudingsterapie, depressie, angs, molestering, substans afhanklikheid.
Inligtingsaand: 20 Januarie 17:30 by Moedergemeente Mosselbaai. Kontak Elize Barnardt by 082 829 8133.

**GEBEDSWEEK:** 27-31 Januarie 2020. Ons gee volgende week al die geleenthede waar u kan inskakel.

**Makhathini:** Ds Lourens vd Westhuizen het 'n versoek gerig aan ons ringsgemeentes. Daar is 'n jong man met die naam Pulani wat goeie leierseienskappe het en akademies sterk is. Hy is baie betrokke in die gemeente en voel geroepe om teologie te studeer. Hulle kort dringend R9600.00 vir sy registrasiegeld by die Universiteit. Enige bydraes sal verwelkom word. Skakel asb die Kerkkantoor as u bereid is om te help.






**VOORBIDDING GEVRA VIR:**
Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus en Fynbos se siekeboeg. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Hennie van Rensburg De Bosse, André du Preez Hoogstr, Gert en Corrie vd Merwe Vleesbaai, Hes Jacobs Boggomsbaai, Lampies Lamprecht Santos Haven, Willem van Wyk Tienie Bothastr, Dirk van Velden Santos Haven.

**STERFTES:** Johan Kemp Blombosch (broer van Petro du Plooy en Hester Steyn Fynbos Hoogte). Ronnie Vermeulen Huis Elsjé.

**FINANSIËLE BYDRAES:**
**<u>Vir dankoffers & spesiale projek bydraes</u>:**
NG Kerk Mosselbaai-Suid
ABSA tjek—207 058 0031
(indien jy vir 'n spesiale projek bydra, gee jou naam en projek by die verwysing)
**<u>Vir Geloofsgelofte-bydraes</u>:**
NG Kerk Mosselbaai (GBO)
ABSA tjek—207 016 7886

# PERSONEEL INFO:

**KERKKANTOOR:**
<u>Telefoon</u>: 044-690 3552
ngkerkmsb-suid@absamail.co.za

<u>Kantoorure</u>:
Maandag 10:00—12:30
Dinsdag—Vrydag 07:30—12:30

**KASSIER, SAALBESPREKINGS, ONTVANGS, LIDMAATREGISTER:**
Maretha Fourie 044-690 3552

**SKRIBA, FINANSIES, ADMIN– EN KOMMUNIKASIEBEAMPTE:**
Lezelda Faul 044-690 3552

**KOSTER:**
Terés Pretorius 082 352 8680

**ORRELIS:**
Cobus du Toit 072 645 3194

**PREDIKANTE:**
<u>Ds Danie</u>: 044-691 1450
084 701 4386
dsdansmit@gmail.com
<u>Ds André</u>: 044-693 2462
084 613 2462
andrekritzinger01@gmail.com
<u>Ds Robert</u>: 044-691 2244
084 684 1304
robmar@cybersmart.co.za

